WITH THE WORD BIBLE COMMENTARY – DR WARREN WIERSBE

IN AFRIKAANS VERTAAL EN VERWERK DEUR DR ANDRE BESTER

3 JANUARIE 2023 - MATTHEUS 3

Johannes die Doper was 'n modelprediker.

Hy was 'n **padbouer** wat die weg vir die Here voorberei het (v. 3; Jes. 40:3), en 'n **houtkapper** wat by die wortel van sonde uitgekom en dit aan die kaak gestel het (v. 10). Hy is **nie deur mense geïntimideer nie**, en hy was ook **nie bang** om oor oordeel te preek nie (v. 12). Hy was **gehoorsaam** aan sy Here en het **een groot begeerte** gehad: Dat die Here Jesus meer moes word en hy wat Johannes is minder (Joh. 3:30).

Sommige mense het God se Woord gehoor en hul **sondes bely** (v. 5–6), terwyl ander dit gehoor en hul **sondes bedek** het (v. 7–9; Spr. 28:13). Die **eerste groep** het *kinders van God* geword, maar die **tweede groep** het kinders van die duiwel gebly, in die verlore toestand waarin hulle gebore is (v. 7; Joh. 8:44). Vandag nog, onder die geklank van die Woord vind ons mense wat hulle sondes bely en mense wat dit bedek, mense wat deur die Woord gered word en ander wat hulle harte verhard vir die heerlike Evangelie van Jesus.

Jesus is die Seun van God. Die **Skri**f (vers 3), **Johannes die Doper** (vers 11), die **Heilige Gees** (vers 16) en **die Vader** (vers 17) het van daardie waarheid getuig.